NGKERK in KZN

IN CHRISTUS SAAM OP PAD

NOTULE VAN DIE SPESIALE SINODE-VERGADERING
VAN DIE NG KERK IN KZN OP 5 NOVEMBER 2014

1. KONSTITUERING

Die vergadering word deur die voorsitter gekonstitueer met 123 lede teenwoordig.
Goedkeuring word gegee dat Hluhluwe en Danskraal se geloofsbriewe as in orde beskou word.

2. VERWELKOMING

2.1 Die voorsitter verwelkom die aanwesiges.
2.2 Al die afgevaardigdes wat vir die eerste keer ‘n sinodevergadering bywoon, word hartlik welkom geheet .
2.3 ‘n Spesiale woord van welkom word gerig aan die besoekers wat die sinodesitting bywoon nl. die moderator van die Algemene Sinode, Prof. Nelus Niemandt, die Algemene Sekretaris, dr. Kobus Gerber en die redakteur van die Kerkbode, Neels Jackson.

.

3. AGENDAKOMMISSIE

Die vergadering keur die Ontwerpverslag/Agenda sowel as die reëlings vir die Sinodevergadering goed.

4. OPENINGSLITURGIE

Ds. Gawie van Jaarsveld lei die wydingsliturgie van die oggend. Hy doen dit aan die hand van Luk. 24: 13-35. Ds. Pieter Lourens gaan voor in gebed.

5. GELOOFSBRIEWE (Bylaag 1- Presensielys van Afgevaardigdes)

Die Aktuarius, dr. Heinrich Theunissen meld dat nog geloofsbriewe van afgevaardigdes ter vergadering ingedien is. Die getal wettige afgevaardigdes is nou 129. Di.Magdaleen Sadie en Aldert Brink maak verskoning vir die vergadering, Die geloofsbrief van Estcourt is nie in orde nie en gevolglik het ds.WJ Schoeman slegs waarnemerstatus.

6 PROSESVOLGORDE VIR DIE HANTERING VAN ARTIKEL 1

6.1 Die Moderamenbesluit van 26 Februarie 2014 (Notule van die Moderamen, 26 Feb. 2014; p.5.2.2.1-5.2.2.2) is ter tafel.

Die Moderamen besluit:

1. **‘n Spesiale Sinodesitting sal vanjaar plaasvind waartydens daar gestem sal word oor Art. 1 van die Kerkorde. Daarna sal dit na kerkrade en gemeentes uitgerol word vir stemming.**
2. **Opdrag word aan die Dagbestuur gegee om ‘n datum te bepaal vir ‘n Spesiale Sinodesitting.**

6.2 Die voorsitter meld dat in die lig van skrywes ontvang van die Ring van Melmoth en later van die kerkraad van Vryheid Wes die Dagbestuurvergadering van 26 Augustus 2014 die volgende besluit geneem het (Notule van die Dagbestuur: p 4.1.3.2)

.

6.2.1 By die Spesiale Sinodesitting, voordat daar oor Artkel 1 gestem word, die Sinodevergadering getoets sal word oor die volgorde van die stemproses (Sinode-gemeentes).

6.3 ‘n Verteenwoordiger van die Ring van Melmoth en van die Kerkraad van Vryheid-Wes kry elk ‘n spreekbeurt. Oudl. Fanie Vermaak vra dat die Moderamenbesluit tersyde gestel word. Die Moderamen neem alleenlik dringende besluite. Die saak was nie so dringend om daaroor te moes besluit nie. Gemeentes moet eers daaroor stem, daarna die Sinode.
Ds. Hennie van Schalkwyk wat namens die Kerkraad van Vryheid-Wes praat, stel ‘n mosie van wantroue teen die moderatuur in, en spesifiek teen die moderator. Die “mosie van wantroue” sit hy op die vloer omdat hy van mening is dat die Moderamenvergadering nie volledig ingelig was dat daar ook ‘n keuse sou kon wees dat die gemeentes eerste kan stem nie. Hy meld verder dat gemeentes gemanipuleer sou wees as die

Sinode reeds hulle besluit geneem het vir die verandering van Artikel 1. Daar moet volgens hom gewaak word teen sinodekrasie. Gemeentes moet dus eers daaroor stem; daarna die Sinode.

6.4 Die aktuarius stel enkele kerkregtelike punte rakende die besluit van die Moderamen:

6.4.1 Dit is die Moderamen se reg om 'n spesiale Sinodesitting saam te roep.
6.4.2 Die Sinode kan besluit hoe die stemprosedure moet wees.
6.4.3 Daar bestaan nie so iets so 'n mosie van wantroue in kerkvergaderings nie.
6.4.4 Revisies kan gevra word, appelle kan aangeteken word.
6.4.5 Art. 20 handel oor die selfstandigheid van Kerkvergaderings. Daar is nie sprake van prejudisering nie
6.4.6 Vroeer het gemeentes nie oor belydeniswysigings gestem nie, maar wel meerdere vergaderings.
6.4.7 Belydeniswysiging is'n interne saak gereël deur kerkorde Art.44.1. Kerkeenheid is 'n saak van kerkverbandskap.

6.5 Die voorsitter van die Moderamen, ds Frikkie van der Merwe, verduidelik die rede vir die besluit van die Moderamen. Hy meld dat 'n buitegewone vergadering van die Sinode belê moes word om te besluit oor die Sinodale Sentrum. Die saak rondom Artikel 1 kon dan gemaklik by so 'n geleentheid gesamentlik hanteer word. Hy wys ook op p.4.2 van die skrywe van die Algemene Sinode (Bylaag 1) wat handel oor die verloop van die proses: *"Dit is wenslik dat sinodes eers hulle eie besluite oor die voorgestelde wysiging van artikel 1 neem alvorens kerkrade binne hulle bepaalde sinodale gebied hulle eie besluite daaroor neem.Dit sal help as sinodes, wat by die Algemene Sinode 2013 verteenwoordig was en wie se verteenwoordigers tot die voorstel ingestem het, die gees en inhoud van die voorstel eers na die eie sinode oordra alvorens dit deur die gemeenteverteenwoordigers by die sinode na hulle eie gemeentes uitgedra word".* Hy wys daarop dat by tye van die Moderamenvergadering,wat net na die Algemene Sinode se Taakspan vir Art.1 plaasgevind het, die taakspan se aanbeveling was dat Sinodes eerste stem. Mettertyd het die aanbeveling van die ASM- soos hierbo aangehaal – deurgekom en was dit 'n vryer keuse en kan sinodes ook 'n ander stemvolgorde volg. Dit het egter eers na die besluit van ons eie Moderamen oor die orde gekom. Die Moderamenvergadering is op daardie bepaalde moment gelei in die lig van wat toe op die tafel was.

6.6 Bespreking oor die vloer word toegelaat. Verskeie sprekers neem deel aan die gesprek.
Prof. Nelus Niemandt versoek die vergadering dat hulle die persepsie wat by baie lidmate bestaan dat die Algemene Sinode die opponent van die gemeentes, ringe of streeksinodes is, sal bestry.

6.7 Die vergadering keur die voorstel van die Dagbestuur goed dat die vergadering eers getoets word oor die prosesvolgorde van stemming (Sinodes/gemeentes). Die vergadering besluit dat die stemming per geslote stembrief moet plaasvind.

6.8 Stemming: Die voorstel van die Moderamen rondom die prosesvolgorde word tot stemming gebring. Dit vind per geslote stembrief plaas. Die stemtellery vind tydens teetyd plaas.

TWEEDE OGGENDSESSIE 11:20 -13:00

7. PROSESVOLGORDE VIR DIE HANTERING VAN ARTIKEL 1 (vervolg)

7.1 Die uitslag van die stemming word aangekondig.
Stemme daarvoor 60; stemme daarteen 67.

7.2 DIE BESLUIT VAN DIE SINODE RAKENDE DIE PROSESVOLGORDE:

7.2.1 Die Sinode-vergadering besluit:
7.2.1.1 Die aanbeveling/voorstel van die Moderamen tov. die volgorde van die stemproses rakende die wysiging van Art.1 nl. dat eers die Sinode daaroor sal stem en dit daarna na gemeentes uitgerol sal word vir stemming, word nie goedgekeur nie.
7.2.1.2 Die aanbeveling word so gewysig dat gemeentes eers oor die wysiging van Artikel 1 sal stem en daarna by 'n Spesiale Sinode-vergadering in 2015 sal die sinode stem.
7.2.1.3 Die dagbestuur word getaak om 'n nuwe tydskedule rakende die proses uit te werk en aan gemeentes deur te gee.

7.2.3 Die Assessor (dr. Barry Tholmay) beklemtoon dit dat ons mekaar steeds sal moet vashou en in afhanklikheid van die Here sal bly.

7.2.4 Ds Hennie van Schalkwyk vra ‘n spreekbeurt. Hy vra in die vergadering verskoning aan die moderator en die moderatuur vir die mosie van wantroue wat hy teen hulle ingestel het. Hy verstaan nou hoe die prosesse geloop het.

8. TOERUSTING RAKENDE DIE STEMPROSES OOR ARTIKEL 1 IN DIE GEMEENTES (Bylaag 2- Uitdeelstukke)

Die item op die agenda wat vir later geskeduleer was, word met die goedkeuring van die vergadering nou bespreek.
Die agenda punte: Inleiding van Artikel 1 gesprek en Artikel 1 soos aangedui op die werkskema, staan oor tot by die volgende Spesiale Sinode wat later gaan volg.

8.1 Die voorsitter gee die agtergrond waarom Belhar op die tafel is.
Belhar is nie meer deel van die herenigingsgesprek nie, maar die gesprek gaan nou oor Belhar as deel van ons belydenisgrondslag. By die Algemene Sinode was die opdrag aan die leierskap gegee om die belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag van die kerk te maak. Die voorsitter verduidelik die pad wat die saak al geloop het vanaf die afkondiging van die Status Confessiones deur die NG Sendingkerk in 1982 tot by die Algemene Sinode 2011, tot waar dit tans is op die tafels van Streeksinodes en gemeentes.

8.2 Prof. Nelus Niemandt sluit hierby aan nadat hy die groeteboodskap van die kerkverband oorgedra het. Hy beklemtoon:

Die Algemene Sinode is nie die opponent van die gemeentes nie
Ons is ‘n hegte familie in die NG Kerkverband.
Daar is ‘n nuwe verbintenis tussen die Afrikaanse kerke aan die ontwikkel en ons kan nie ons rug draai op mekaar nie.
Die kerk in beweging is die leiding van die Heilige Gees soos die Bybel ons leer.

8.3 Die voorsitter, ds. Frikkie van der Merwe, verduidelik aan die vergadering die formele prosesse in lyn met die weke soos aangedui per uitgedeelde inligtingstuk. In totaal is dit ‘n nege weke-proses..
Kennis van reglement 24 is belangrik.

8.3.1 Die Sinode-vergadering besluit dat die inligting ivm die stemproses in gemeentes op die KZN webwerf geplaas moet word.

Nadat ds Hennie van Schalkwyk die tafelgebed gedoen het, verdaag die vergadering om 13:00 vir ete.

MIDDAGSESSIE: 13:45 – 14:45

9. DIE ONTWIKKELING VAN DIE SINODALE GEBOU AS MEDIES-VERWANTE FASSILITEIT (Bylaag 3)

9.1 Die voorsitter heet verteenwoordigers van die Benchmark-groep onder leiding van Hennie Bezuidenhout in die vergadering welkom.

Ds. Petrus Botha lei die gesprek in. Hy verduidelik aan die vergadering die pad wat daar al met die sinodale sentrum geloop is, die bestuur daarvan as bate vir die sinode, die vroeër aanbiedinge om dit te koop, ook die huurders en hoe die huurdersituasie drasties verander het. Die waarde van die gebou hang af van die inkomstestroom en dit bring die gebou se waarde by tussen R11 miljoen en R15 miljoen .

Verskillende taakspanne was aangestel om moontlikhede van inkomste te ondersoek

Hennie Bezuidenhout van Benchmark lig nou die vergadering in oor die verskillende moontlikhede. Benchmark beskou die Sinodale Sentrum as ‘n baie besondere bate wat nie deur die kerk verkoop moet word nie.

Die venootskap kom neer op die kerk wat die bate besit met Benchmark wat die kontakte het vir die nodige noodsaaklike ontwikkeling.Die mediese bedryf is deesdae baie meer gespesialiseerd waar daghospitale al meer en meer benodig word – die behoefte aan daghospitale word dus al hoe groter.

Pieter Knoessen van die Benchmarkgroep verduidelik aan die vergadering die beoogde ontwikkeling en die fases waarin dit gaan plaasvind.

Dr. Barry Tolmay maak toeligtende opmerkings. Hy wys daarop dat die koste van die onderhouding van die gebou en die afname van huurders in die toekoms ‘n probleem vir die Sinode kan word.

9.2 Die aanbeveling van die SOW (Bylaag 3) word aan die vergadering voorgehou vir bespreking en vrae.

9.3 Nadat al die vrae aan die SOW en die Benchmark-direkteure met tevredenheid beantwoord is, is die aanbevelings tot stemming gebring. Die Sinode besluit om die aanbevelings van die SOW goed te keur met die uitwysing by punt 9.3.1.2.4 dat die argief in die huidige ruimte waar dit tans is, behou moet word.

9.3.1 Die sinode besluit dat:

9.3.1.1 Die Sinodale sentrum in samewerking met die Benchmark Groep ontwikkel word in ’n mediese sentrum wat onder andere die volgende behels:
9.3.1.1.1 die sinode en Benchmark in ’n onverdeelde aandeelhoudings-ooreenkoms tree wat die beginsels van die “Vertrekpunt vir die transaksie” konkretiseer in juridiese vorm.
9.3.1.1.2 in fase 1 die sinode 67% en Benchmark 33% van die eiendom besit en in fase 2 die verhouding 50:50 word.
9.3.1.1.3 daar geen risiko van ontwikkelingskoste vir die sinode is nie.

Die sinode besluit dat:
9.3.1.2. die Sentrum Ontwikkelings Werkgroep(SOS en Moderatuur) volmag het om die ontwikkeling te bestuur en af te handel wat onder andere die volgende behels:
9.3.1.2.1 alle korrespondensie,
9.3.1.2.2 titelaktes,
9.3.1.2.3 kantoorbestuur (verskuiwings en inrigtings)
9.3.1.2.4 kontrakbedinging en kontraksluiting. Die argief in die ruimte waar dit tans is, behou word en dit kontraktueel met die Benchmark Groep vasgemaak word.
9.3.1.2.5 tekenmagte
9.3.1.2.6 en ander sake soos nodig.

Goedgekeur

10 BEDANKINGS
Die voorsitter, ds. Frikkie van der Merwe spreek sy opregte dank teenoor die volgende persone uit**:**
1. Die Personeel van die Sinodale kantoor olv. Marinda Meyer vir die vooraf voorbereiding en reëlings vir die Sinodestting.
2. Die Skriba vir die voorbereiding en uitstuur van die Agenda en ander bykomende verslae.
3. Ds. Gawie van Jaarsveld wat die openingsliturgie hanteer het.
4. Die Ontwerpspan en groepe wat hulle bygestaan het soos oa. Die Musiekgroep, die Notulespan, die Inligtingstoonbank, die ontvang van die afgevaardigdes in die portaal
5. Die span verantwoordelik vir die elektroniese kommunikasie en sosiale media.
6. Elkeen van die afgevaardigdes en waarnemers
7 Die teenwoordigheid van die Moderator van die Algemene Sinode, Prof. Nelus Niemandt , die Algemene Sekretaris dr. Kobus Gerber,en die redakteur van die Kerkbode, Neels Jackson by die vergadering.
7. Die diensverskaffers: vir die klank en beeld,
8. Ons Hemelse Vader – God Drie-enig, Vader, Seun en Gees – in Wie se teenwoordigheid ons ons werk kon doen.

Die Aktuarius, dr Heinrich Theunissen, spreek ‘n spesiale woord van dank uit teenoor die Moderator vir sy hantering van die vergadering.

11 AFSLUITING
Ds. Gawie van Jaarsveld sluit die die vergadering af met die lees van Kolossense 3 , en daarna doen hy die seënbede vanuit Fillipense 1.

.